

Bedienaar van die ware verbondstent (OP96)

Heb 8:1-5

14 Augustus 2022

Die afgelope paar weke het ons Heb 7 bestudeer wat handel oor die feit dat Jesus Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek. Ons het gesien hierdie priesterorde is meer verhewe as die Levitiese priesterorde. Verder het ons gesien die priesterorde van Melgisedek is anders as die Levitiese priesterorde in die sin dat dit effektief is om wel volmaaktheid te bewerk tussen God en die mense. Siende dat die Seun van God die antitipe is juis van hierdie priesterorde, impliseer Hy is die Een wat werklik hierdie volmaaktheid bewerk.

Laasweek het ons geleer die Here het self met 'n eed bevestig dat die Seun Priester is volgens die orde van Melgisedek – terwyl Hy dit nooit gedoen het met die Levitiese priesters nie. Met die eed het Hy bevestig dat die Priesterskap van die Seun nooit herroep sal word nie. Trouens dit het aanleiding daartoe gegee dat die Seun ook die borg geword het van 'n beter verbond. Alhoewel die skrywer later (beginnende in Heb 8:6) verder hieroor gaan uitbrei, het ons alreeds gesein dat die verbetering in die verbond verband hou met die herroeping van die oneffektiewe Levitiese priesterorde, en die vervanging daarvan met die ware Hoëpriester as die antitipe van die priesterorde van Melgisedek. Heb 7 het afgesluit met die stelling dat die Seun van God die volmaakte en ewige Hoëpriester is.

Dit bring ons nou by Heb 8. Vandag wil ek stilstaan by verse 1-5. In die Hebreërskrywer se bespreking van die Seun as Hoëpriester (wat alreeds in Heb 5 begin het), het ons tot dusver baie geleer oor die vereistes vir 'n hoëpriester, en hoedat die Seun aan al hierdie vereistes voldoen. Ons het dus grotendeels stilgestaan by die Persoon van die Seun en dat Hy werklik bevoeg is om die volmaakte en ewige Hoëpriester te wees. In Heb 8:1-5 hanteer die skrywer nou die plek waar die Seun Sy Hoëpriesterskap uitvoer, en begin ook vir ons insae gee in wat Hy daar doen. Vanaf vers 6 brei die skrywer hieroor uit, en die fokus val veral op die werk van die Seun as Hoëpriester in die sin dat Hy 'n Middelaar word van die nuwe en beter verbond. Maar kom ons kyk eers na verse 1-5.

Ons het so 'n Hoëpriester (vers 1)

Vers 1 begin met die stelling “Die hoofsaak van wat gesê is, is dit:” Duidelik is die skrywer by 'n punt waar hy die essensie wil saamvat van wat hy tot hiertoe beskryf het. En die essensie is dit: “Ons het so 'n Hoëpriester” (vgl OAV). Hoe 'n Hoëpriester het ons? Soos wat die skrywer in Heb 7:26-28 opgesom het: Ons het 'n Hoëpriester wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, een wat uit die midde van sondaars verwyder is, bo die hemele verhoog is. 'n Hoëpriester wat geen eie sondes het nie. 'n Hoëpriester wat eenmalig die volmaakte offer gebring het vir sondes, en 'n Hoëpriester wat 'n ewige aanstelling het.

In vers 1 voeg die skrywer by hierdie Hoëpriester het gaan sit aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemel. Dit is nie die eerste keer dat die skrywer hierna verwys nie: Hy het reeds in Heb 1:3 gesê: “Nadat Hy reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel”, en later in Heb 12:2 sê hy “... en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God”. Hier in vers 1 kombineer hy die twee stellings en sê Hy het gaan sit aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemel. Die “Majesteit” waarvan hier gepraat word, is natuurlik God die Vader. Hier is 'n paar aspekte wat ons nie moet mis kyk nie:

- Hy sit in die hemel aan die regterhand van die Vader. In Heb 7:26 het hy immers alreeds verwys dat die Hoëpriester verhoog is bo die hemele. Ons weet tog ook dat dit waar is: Na die Seun se kruisiging en opstanding het Hy opgevaar na die hemel.
- Ons lees hier dat Hy aan die regterkant van God se troon sit. As jy egter na Op 22:3 toe blaai, sien jy daar dat die troon van God en die Lam in die Nuwe Jerusalem beskryf word asof dit een troon is. Of dit nou een of twee trone is, is seker nie die belangrikste nie – onthou hierdie Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek is die ware Priesterkoning. Hy is dus ook in 'n posisie van gesag daar in die hemel.
- Let ook op: Hy sit in daardie posisie. Dit is heeltemal anders as die Levitiese hoëpriesters. Daar was geen geleentheid vir hulle om te sit wanneer hulle op die Groot Versoendag in God se teenwoordigheid gekom het in die Allerheiligste nie. Hulle het hulle dienswerk gedoen en direk weer die Allerheiligste verlaat. Maar met hierdie ware Hoëpriester is dit anders: Hy sit daar – saam met God op die troon!

Wat is die hoofsaak dus: Ons het 'n volmaakte Hoëpriester wat reeds in die hemel ingegaan het, en wat tans daar aan God se regterhand sit.

Bedienaar van die ware verbondstent (vers 2)

Vers 2 begin met die stelling dat hierdie Hoëpriester Bedienaar is van die heiligdom, oftewel die ware verbondstent. Let op: die NAV sê Hy is Bedienaar – dus in die teenwoordige tyd. Die OAV het nie die “is” nie – dit sê net “'n Bedienaar”. Die ESV vertaal dit ook so. Maar duidelik is die betekenis dieselfde: Vers 1 se Hoëpriester wat aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel sit, is die Bedienaar van vers 2. Hy is dus Bedienaar terwyl Hy in die hemel sit, d.w.s Hy is op hierdie oomblik Bedienaar.

Nou: ons weet dat die Seun van God, d.i. hierdie Hoëpriester, het na Sy kruisiging, dood en opstanding, opgevaar hemel toe en daar aan die regterhand van God gaan sit. Ons sou verwag dat na alles wat Hy hier op aarde vermag het, na Hy Sy Hoëpriesterlike rol hier op aarde voltooi het, dat Hy sou opvaar hemel toe en daar gaan sit het – kan ek dit in menslike terme maar uitdruk – gaan sit het om bietjie te rus, of om Hom te verlustig in alles wat Hy vermag het. Onthou hoe baie Hy vermag het: Hy het versoening bewerk vir al die sondes van al die gelowiges, Hy het die dood oorwin, Hy het stryd teen die duiwel gevoer, en hom oorwin. Wat ons egter wel lees, is nie dat Hy rus nie: nee, Hy is Bedienaar. Onthou verder: Hy is nie net die Hoëpriester nie, Hy is ook die Opperkoning. Hy is daar in die hemel as Priesterkoning. Dit maak dit nog meer verstommend dat ons lees Hy is Bedienaar – Hy dien! Die volmaakte en ewige Hoëpriester, die Opperkoning, is in die hemel – as Bedienaar! Die NIV vertaal dit met “He serves”, die ESV “He is a Minister”.

Vers 2 gaan egter verder en voeg by dat Hy Bedienaar is “van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur mense nie”. Die OAV sê dat Hy Bedienaar is “van heilige dinge en die ware tabernakel”. As ek dit vergelyk met hoe ander vertalings dit vertaal, dan lyk dit asof die meer korrekte vertaling is: heiligdom en ware verbondstent/tabernakel. Boonop: die “heiligdom” verwys na dieselfde plek as die “ware verbondstent/tabernakel”.

Opsommend kan ons dus sê: Die ware Hoëpriester is Bedienaar in die ware verbondstent – en dit is waar terwyl Hy in die hemel is.

Dit laat die vraag ontstaan: waar of wat is hierdie ware verbondstent? Deur die loop van die jare was daar al baie opinies oor wat ons hieronder moet verstaan:

- Sommiges redeneer dit verwys na Jesus se liggaam. Hulle redeneer in Joh 1:14 lees ons dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het, letterlik: kom tabernakel het. Hy het juis Sy Hoëpriesterlike rol vervul terwyl Hy in die vlees was. Verder het Hy met Sy liggaam opgevaar en is tans in die hemel met Sy liggaam. Boonop vergelyk Paulus in 2 Kor 5:1 ons liggame met 'n tent wat afgebreek word wanneer ons sterf, en dan ontvang ons 'n vaste gebou in die hemel wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God – dieselfde terme wat in Heb 8:2 gebruik word om die ware tabernakel te beskryf.
- Ander het geredeneer dit verwys na die kerk, oftewel die mense wat die ware kerk vorm. In 1 Kor 3:17 word die gelowiges beskryf as die tempel. 1 Pet 2:5 beskryf die gelowiges ook as stene in die geestelike huis. Ondersteuners van hierdie siening redeneer Jesus het tog juis vir hierdie mense Sy Hoëpriesterlike werk gedoen – dis tog vir hulle wat Hy bedien.
- Sommiges het al geredeneer dit verwys na 'n individuele gelowige se gees. Luther het die mens se liggaam vergelyk met die voorhof van die tabernakel, die mens se siel met die Heilige, en sy gees met die Allerheiligste. Hier word geredeneer die Hoëpriester bedien tans veral in die gees van die individuele gelowige – wat die ekwivalent is van die Allerheiligste van die ware tabernakel.

Ek moet erken, ek het moeite om met hierdie interpretasie van Luther saam te stem. Die eerste twee interpretasies dink ek is meer verantwoordelik, maar ek vind selfs hierdie interpretasies ietwat geforseerd, en voel hulle gee nie genoeg aandag aan wat ons verder in Heb 8 lees nie.

In vers 2 het ons nou alreeds gelees dat hierdie ware verbondstent deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie. In vers 4 lees ons dat as Hy, die ware Hoëpriester, nog op aarde was, sou Hy nie eens priester kon wees nie, omdat daar reeds priesters is wat die offers bring. Ons is nie verbaas om dit te lees nie, want ons het tog nou al baie hieroor gepraat dat die Seun nie uit die stam Levi was nie, en daarom nie priester kon wees soos die Levitiese priesters uit die nageslag van Aäron wat in die tabernakel, en later in die tempel, diens gedoen het nie. Vers 5 voeg vervolgens by hierdie Levitiese priesters bedien slegs 'n afbeelding of skadubeeld van die hemelse heiligdom. Sien jy dit: die Levitiese priesters is ook bedienaars – soos die ware Hoëpriester. Maar hulle is bedienaars in 'n skadubeeld van die hemelse heiligdom. Die ware Hoëpriester is egter 'n Bedienaar in die ware verbondstent (nie die skadu of afbeelding waarin hulle diens doen nie). Boonop is Hy Bedienaar in die hemel, terwyl hulle hier op aarde bedien.

Ons moet dus verstaan daar is twee verbondstente of twee tabernakels waarvan gepraat word: Aan die een kant is daar die ware verbondstent (v2) en aan die ander kant is daar die verbondstent wat maar net 'n afbeelding of 'n skadubeeld is van die ware verbondstent (v5). Die ware verbondstent is deur God self opgerig (v2), terwyl die skadubeeld/afbeelding onder leiding van Moses opgerig is – lees Heb 8:5. Vers 5 sê dat God aan Moses die opdrag gegee het om die skadubeeld verbondstent te bou. Dit het natuurlik by Sinai gebeur, as deel van die Sinaiverbond. Vers 5 sê dat Moses moes sorg dat hy alles gemaak het volgens die voorbeeld wat God Hom op die berg gewys het. Ek wil hê jy moet saam met my blaai na Eksodus toe om te sien hoeveel klem daarop gelê was dat die tabernakel presies gebou is soos wat God dit wou hê:

- Eks 25:40 – terwyl God aan Moses al die detail gee oor hoe hulle die tabernakel en al sy meublement moet maak, sê God Moses moet sorg dat dit gemaak word volgens die plan wat God aan Hom op die berg gewys het.
- Eks 39:32 – Hier lees ons die werk aan die tabernakel was uiteindelik klaar, en dan lees ons spesifiek dat alles gemaak was presies soos wat die Here Moses beveel het.

- Eks 39:42-43 – Hier lees ons weer die Israeliete het alles gemaak soos die Here vir Moses beveel het, en Moses het al die werk geïnspekteer en gesien dat dit gemaak is soos die Here beveel het.

Hoekom was dit so belangrik dat Moses en die volk die tabernakel presies moes bou soos wat die Here beveel het? Want dit was 'n skadubeeld van die ware verbondstent wat deur die Here opgerig is. Dit was 'n instrument wat die Here wou gebruik om ons te leer van die werk van die ware Hoëpriester. Maar as dit 'n effektiewe leerinstrument moes wees om ons te leer van die volmaakte werk van die volmaakte Hoëpriester, moes dit tog presies wees soos wat God voorgeskryf het. God is tog die Een wat presies weet hoe die ware Hoëpriester in die ware verbondstent sou werk. Daarom kon Hy in detail voorskryf hoe die skadubeeld verbondstent moes wees.

Maar, as ons nou wil verstaan hoedat die ware Hoëpriester in die hemel Bedienaar is van die ware verbondstent, dan moet ons dit tog in verband bring met die skadubeeld verbondstent wat God juis vir ons gegee het as leerinstrument – en dit is wat ek mis in die interpretasies wat hierbo gegee is oor wat die ware verbondstent is.

Kan ek jou kortliks herinner aan sommige detail van die skadubeeld tabernakel en dit in verband bring met die ware tabernakel:

In die voorhof van die skadubeeld tabernakel, was daar die brandofferaltaar waarop gereeld diere geoffer is deur die priesters. Duidelik verwys die brandofferaltaar in die skadubeeld tabernakel na die eenmalige en effektiewe offer van die ware Hoëpriester in die ware tabernakel. Hierdie offer is gebring toe Hy aan die kruis gesterf het.

In die voorhof was daar ook die koper waskom, waarin die priesters hulle moes was voor hulle in die Heilige mog ingaan. Die koper waskom in die skadubeeld tabernakel, verwys in die ware tabernakel na die gelowiges wat hulle moet was in die bloed van die ware Hoëpriester. Sodoende word hulle priesters gemaak – wat ook, soos die priesters in die skadubeeld tabernakel, nou diens mag gaan doen in die Heilige van die ware tabernakel.

In die Heilige van die skadubeeld tabernakel teen die suidelike muur was daar die lampstaander wat daagliks deur die priesters versorg moes word. In die ware tabernakel is die ware Hoëpriester die ware Lig vir die wêreld. Die gelowiges, wat nou die priesters is, moet self in die Lig wandel, en hulle moet die Lig in die wêreld indra.

In die Heilige van die skadubeeld tabernakel teen die noordelike muur, is die tafel met die toonbrode. Die priesters moes dit weekliks uitpak en hulle mog daarvan eet. In die ware tabernakel is die ware Hoëpriester die ware brood van die lewe. Die gelowiges, wat nou die priesters is, mag daarvan eet en gevolglik leef hulle ewig. Maar hulle moet ook die brood van die lewe aan ander aanbied, sodat hulle ook ewig mag lewe.

In die Heilige van die skadubeeld tabernakel reg voor die voorhangsel wat die Heilige van die Allerheiligste geskei het, het die wierookaltaar gestaan. Die priesters moes daagliks wierook offers op hierdie altaar bring, en die geur het deur die voorhangsel getrek tot in die Allerheiligste. In die ware tabernakel is die gelowiges die priesters en hulle moet gereeld in gebed wees voor God, en hulle gebede styg voor God op.

In die Allerheiligste van die skadubeeld tabernakel mog niemand ingaan nie – behalwe die hoëpriester. Die priesters mog nooit hier inkom nie – die naaste wat hulle kon kom was die wierookaltaar voor die voorhangsel. In die Allerheiligste het die verbondsark gestaan. Bo-op die verbondsark het die versoendeksel gelê, en bo-op die versoendeksel was daar twee

gerubs. Dit was tussen hierdie twee gerubs bo die versoendeksel dat die heerlijkheid van God verskyn het. Ons sou kon sê dit was die voetbank van God se troon. In die ware tabernakel is God se troon natuurlik in die hemel – daar waar die ware Hoëpriester volgens Heb 8:1 juis nou is!

Let ook nog verder op: Op die Groot Versoendag (Lev 16), een maal per jaar, is daar 'n bul en 'n bok geslag as sonde-offer. Dit is in die voorhof geslag. Die hoëpriester het dan eers van die bul se bloed geneem, saam met wierook, deur die Heilige gegaan, deur die voorhangsel gegaan tot in die Allerheiligste en daar die bloed op die versoendeksel gesprinkel. Daarna het hy uitgegaan en die prosedure herhaal met die bloed van die bok. So het hy eers versoening gedoen vir sy eie sondes en daarna vir die sondes van die volk. Vergelyk dit nou met die ware Hoëpriester. Hy word self geoffer – daar buite in die voorhof, daar buite die hemel, op die aarde. Omdat Hy sonder sonde is, hoef daar net een offer te wees – net vir die sondes van die gelowiges, die mense wat Hy bedien. Hy is egter nie net die offer nie, Hy is ook die ware Hoëpriester. Hy neem dus Sy eie bloed en wierook, en Hy gaan deur die Heilige en deur die voorhangsel in die Allerheiligste in. Onthou jy wat gebeur het toe die ware Hoëpriester daar buite Jerusalem aan die kruis gesterf het? Die voorhangsel in die skadubeeld tempel het geskeur! Hoekom? Want die ware Hoëpriester het eenmalig deurgegaan tot in die Allerheiligste van die ware tabernakel, en het gaan sit aan die regterhand van troon van die Vader in die hemel (v1).

Verstaan jy hoekom Moses so seker moes maak die tabernakel is presies volgens die Here se voorskrifte gebou? Dit moes 'n getroue afbeelding wees van die werk van die ware Hoëpriester. As jy dus wonder wat die ware verbondstent is waarna verwys word, is my antwoord dit is die werk van die ware Hoëpriester. Immers word Sy Hoëpriesterlike werk uitgebeeld in die brandofferaltaar, die waskom, die lampstaander, die toonbrode, die wierookaltaar asook deur Sy bloed op die versoendeksel. Hand aan hand hiermee word ook uitgebeeld hoe ek as gelowige baat vind deur Sy Hoëpriesterlike werk.

Maar kom ons keer nou terug na Heb 8:2. Volgens die vers is die ware Hoëpriester nou, terwyl Hy in die hemel is, Bedienaar van die ware Verbondstent. Nou, ek dink ons kan almal saamstem dat dit duidelik is dat Hy alreeds as Bedienaar in die ware verbondstent opgetree het: Hy is al geoffer aan die kruis, die ekwivalent van die brandofferaltaar. Hy het alreeds die Sy bloed en die wierook in die Allerheiligste van die ware tabernakel ingedra. Hy sit alreeds aan die regterhand van die Vader. Maar dit was eenmalig en is afgehandel. Die vraag is egter: Is Hy steeds Bedienaar, vandag nog? Indien wel: Wat of hoe bedien Hy nou?

Vers 3 sê elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring, en daarom moet ook hierdie Een iets hê om te offer. Natuurlik het die ware Hoëpriester Homself geoffer, en natuurlik bring Hy sy eie bloed in die Allerheiligste in. Maar nou dat dit reeds gebring is, hoe bedien Hy nou? Weer kan ons teruggaan na die skadubeeld tabernakel. Onthou, in die skadubeeld tabernakel het die priesters 'n groter rol gehad as om net offers te bring. Hulle het ook die verantwoordelikheid gehad om die volk te leer. Onthou verder, Heb 6:19-20 het ons geleer dat die ware Hoëpriester, as ons Voorloper, agter die voorhangsel ingegaan het. Hy is reeds deur die geskeurde voorhangsel as Voorloper, maar ons is nog nie daardeur nie. Ons is steeds in die Heilige. Waarmee is ons besig? Ons lewe in die Lig van die ware Hoëpriester, ons eet van die brood van die lewe, wat die ware Hoëpriester is – so groei ons na volmaaktheid toe. Jesus het die aand voor die kruisiging vir Sy dissipels gesê Hy sal die Heilige Gees stuur, wat hulle sal herinner aan al Sy woorde. Sekerlik is een manier waarop die ware Hoëpriester steeds bedien deurdat Hy ons deur die Heilige Gees leer om in Sy lig te lewe, en om die ware brood te eet.

Maar daar is meer. Ek dink AW Pink maak 'n belangrike punt as hy die volgende sê: Onthou in die skadubeeld tabernakel het die hoëpriester op die Groot Versoendag bloed en wierook in die Allerheiligste ingeneem. Ons verstaan dat die bloed wat die ware Hoëpriester in die Allerheiligste van die ware tabernakel, ingeneem het, Sy eie bloed was. Maar wat van die wierook? Ek het vroeër 'n assosiasie gemaak tussen wierook en die gebede van gelowiges. In Op 8:4 met die oopmaak van die sewende seël lees ons dat die gebede van die gelowiges saam met die wierook voor God opgestyg het. Die wierook styg saam met die gebede van die gelowiges op – die wierook is nie die gebede van die gelowiges nie. Wat kan die wierook dan wees? Lees Rom 8:33-34. As die vraag gevra word, wie kan die gelowiges aankla of veroordeel, word daar gesê: niemand kan nie – want die Seun, die ware Hoëpriester, en dus die Bedienaar van die ware Verbondstent, het gesterf, is uit die dood opgewek, sit aan die regterhand van God (onthou Heb 8:1!) – en pleit vir ons! Dit is tog in lyn met Heb 7:25 waar die skrywer alreeds gesê het die ware Hoëpriester tree vir ons in by God. Die ware Hoëpriester is in die hemel aan God se regterhand. Nie net het Hy die bloed van Sy eenmalige en perfekte offer nie, Hy het ook wierook. Hy vermeng ons gebede tot God met wierook deurdat Hy namens ons by God pleit en intree. Voeg hierby dat Rom 8:26-27 ons ook leer dat die Heilige Gees saam met ons bid volgens die wil van God. Verstaan jy hoe bevoorreg ons is selfs terwyl ons nog in hierdie lewe is?

Ons het 'n volmaakte Hoëpriester, wat reeds die volmaakte offer gebring het. Hy het reeds in die hemel ingegaan as ons Voorloper. Daarna het Hy Sy Heilige Gees na ons toe gestuur. Op die oomblik is die ware Hoëpriester besig om ons, saam met baie ander gelowiges, na volmaaktheid te lei. Toe ons tot geloof gekom het (geloof wat Hy deur die Heilige Gees in ons bewerk het), het Hy namens ons op grond van die bloed van Sy perfekte offer wat Hy eenmalig in die hemel ingeneem het, vir ons gepleit by die Vader. Sy pleidooi vind eers plaas wanneer ek tot geloof kom, al het Hy reeds 2000 jaar gelede die offer gebring. Op grond daarvan verklaar die Vader ons regverdig. Tans is die ware Hoëpriester besig om ons te bedien, deurdat Hy ons na volmaaktheid toe lei. Hoe gebeur dit? Deurdat ons wandel in die Lig – maar Hy is die Lig! Deurdat ons eet van die brood – maar Hy is die ware brood! Deurdat Hy situasies oor ons bring wat soms moeilik is om te hanteer, situasies wat ons toets en uitdaag! Maar dan mag ons bid, en die Heilige Gees wat Hy alreeds gestuur het, bid saam met ons. En Hy vermeng ons en die Heilige Gees se gebede met wierook en gaan tree vir ons in by die Vader. Siende dat die Heilige Gees in lyn met die Vader se wil bid, siende dat die ware Hoëpriester deur God self aangestel is vir ewig, siende dat Hy alreeds die volmaakte offer gebring het namens ons, siende dat die ware Hoëpriester ook deur God self aangestel is as ware Koning wat alles beheer, ook die situasie waarvoor ons bid, siende dat die doel met die situasie is om ons by volmaaktheid te bring, siende dat dit juis die wil van die Vader is dat ons by volmaaktheid moet kom – daarom kan ons seker wees die pleidooi van die ware Hoëpriester sal vervul word. Niks sal ons van God se liefde skei nie. Ons sal groei in volmaaktheid! Ons het 'n ware Hoëpriester wat Bedienaar is in die ware heiligdom! Wanneer Hy as ons Voorloper besig is om ons te lei na volmaaktheid toe, is dit alles deel van Sy Hoëpriesterlike werk.

En kort voor lank, gaan ons die einde van ons lewens bereik – die einde van ons periode in die Heilige van die ware verbondstent. En dan gaan ons deur daardie geskeurde voorhangsel in die Allerheiligste van die ware verbondstent in - daar waar God se troon werklik is. En daar sal ons ons Voorloper sien – die ware Priesterkoning sittende aan God se regterhand. Ons sal Hom sien soos wat Hy werklik is. Ons sal saamkom met Hom en die al groter wordende 144 000 op die ware Sionsberg bymekaar. Ons sal Hom vra: Hoe lank nog? En Hy sal antwoord: Nog 'n kort tydjie! Intussen bring Hy al meer gelowiges in. Tot almal daar is. Die ware Hoëpriester sal as deel van Sy voortgaande Hoëpriesterlike werk, toesien dat almal wat die Vader aan Hom gegee het, sal inkom. Dit is waarmee Hy tans besig is as Bedienaar van die ware verbondstent in die hemel.